

Provincial Gazette

Provinsiale Koerant

8009

8009

Friday, 23 November 2018

Vrydag, 23 November 2018

Registered at the Post Office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

CONTENTS

INHOUD

(*Reprints are obtainable at Room M12, Provincial Legislature Building, 7 Wale Street, Cape Town 8001.)

(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer M12, Provinsiale Wetgewing-gebou, Waalstraat 7, Kaapstad 8001.)

No.	Page
Provincial Notices	
145 Bergrivier Municipality: By-Election in Ward 5: 9 January 2018	918
146 City of Cape Town: By-Election in Ward 31: 9 January 2018	919
147 City of Cape Town: By-Election in Ward 101: 9 January 2018	920
Tenders:	
Notices.....	921
Local Authorities	
City of Cape Town Metropolitan Municipality: Extension of a Local State of Disaster.....	929
City of Cape Town Metropolitan Municipality: Extension of a Local State of Disaster.....	929
Cederberg Municipality: Removal of Restrictions	930
City of Cape Town: Amendment of Restriction.....	923
City of Cape Town: Deletion of Conditions.....	923
City of Cape Town: Deletion and Amendment of Condition	926
Drakenstein Municipality: Notice.....	923
Hessequa Municipality: Removal of Restriction	922
Hessequa Municipality: Rezoning and Removal of Restrictions	930
Mossel Bay Municipality: Closure	929
Mossel Bay Municipality: Public Notice	922
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions and Consent Use	925
Overstrand Municipality: Removal of Restrictions and Subdivision	924

Nr.	Bladsy
Provinsiale Kennisgewings	
145 Bergrivier Munisipaliteit: Tussenverkiesing in Wyk 5: 9 Januarie 2018	918
146 Stad Kaapstad: Tussenverkiesing in Wyk 31: 9 Januarie 2018	919
147 Stad Kaapstad: Tussenverkiesing in Wyk 101: 9 Januarie 2018	920
Tenders:	
Kennisgewings	921
Plaaslike Owerhede	
Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit: Extension of a Local State of Disaster (English only)	929
Stad Kaapstad Metropolitaanse Munisipaliteit: Extension of a Local State of Disaster (English only)	929
Cederberg Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings	930
Stad Kaapstad: Wysiging van Voorwaarde.....	923
Stad Kaapstad: Skrapping van Voorwaardes.....	923
Stad Kaapstad: Skrapping en Wysiging van Voorwaarde.....	926
Drakenstein Munisipaliteit: Notice (English only)	923
Hessequa Munisipaliteit: Opheffing van Beperking	922
Hessequa Munisipaliteit: Hersonerings en Opheffing van Beperkings	930
Mosselbaai Munisipaliteit: Sluiting	929
Mosselbaai Munisipaliteit: Publieke Kennisgewing	922
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Vergunningsgebruik	925
Overstrand Munisipaliteit: Opheffing van Beperkings en Onderverdeling	924

PROVINCIAL NOTICE

The following Provincial Notices are published for general information.

ADV. B. GERBER,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Legislature Building,
Wale Street,
Cape Town.

PROVINSIALE KENNISGEWING

Die volgende Provinsiale Kennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

ADV. B. GERBER,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale Wetgewer-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

ISAZISO SEPHONDO

Esi saziso silandelayo sipapashelwe ukunika ulwazi ngokubanzi.

ADV. B. GERBER,
UMLAWULI-JIKELELE

ISakhiwo sePhondo,
Wale Street,
eKapa.

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 145/2018

23 November 2018

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**BERGRIVIER MUNICIPALITY (WC013)****BY-ELECTION IN WARD 5: 9 JANUARY 2019**

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 5 in Bergrivier Municipality on Wednesday, 9 January 2019, to fill the vacancy in this ward.

Notice is furthermore hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000), that the timetable for the by-election will soon be published in the *Provincial Gazette* of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Adv. Hanlie Linde at tel 022 913 6000.

Signed on this 20th day of November 2018.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 145/2018

23 November 2018

PROVINSIE WES-KAAP**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT (WC013)****TUSSENVERKIESING IN WYK 5: 9 JANUARIE 2019**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 5 in die Bergrivier Munisipaliteit gehou sal word op Woensdag, 9 Januarie 2019, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingswet, 2000 (Wet 27 van 2000), dat die rooster vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Adv. Hanlie Linde by tel 022 913 6000.

Geteken op hierdie 20ste dag van November 2018.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 145/2018

23 kweyeNkanga 2018

IPHONDO LENTSHONA KOLONI**UMASIPALA WASE-BERGRIVIER (WC013)****NGOKUKHETHA KWIWADI 5: 9 EYOMQUNGU 2019**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 5 kummandla we uMasipala wase-Bergrivier ngomhla wesbini, 9 EyoMqungu 2019, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokwecandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphina imibuzo ekhoyo ingabhekiswa Adv. Hanlie Linde kwi-tel 022 913 6000.

Sityikitywe ngalo mhla-20 EyeNkanga 2018.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 146/2018

23 November 2018

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**CITY OF CAPE TOWN****BY-ELECTION IN WARD 31: 9 JANUARY 2019**

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 31 in the City of Cape Town on Wednesday, 9 January 2019, to fill the vacancy in this ward.

Notice is furthermore hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000), that the timetable for the by-election will soon be published in the *Provincial Gazette* of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Ms Catherine Overmeyer at tel 021 400 5522.

Signed on this 20th day of November 2018.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 146/2018

23 November 2018

PROVINSIE WES-KAAP**STAD KAAPSTAD****TUSSENVERKIESING IN WYK 31: 9 JANUARIE 2019**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 31 van die Stad Kaapstad gehou sal word op Woensdag, 9 Januarie 2019, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingswet, 2000 (Wet 27 van 2000), dat die rooster vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Me Catherine Overmeyer by tel 021 400 5522.

Geteken op hierdie 20ste dag van November 2018.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 146/2018

23 kweyeNkanga 2018

IPHONDO LENTSHONA KOLONI**ISIXEKO SASEKAPA****NGOKUKHETHA KWIWADI 31: 9 EYOMQUNGU 2019**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 31 kummandla we iSixeko saseKapa ngomhla wesbini, 9 EyoMqungu 2019, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokwecandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo *kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni*.

Nayiphina imibuzo ekhoyo ingabhekiswa Nks Catherine Overmeyer kwi-tel 021 400 5522.

Sityikitywe ngalo mhla-20 EyeNkanga 2018.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

PROVINCIAL NOTICE

P.N. 147/2018

23 November 2018

PROVINCE OF THE WESTERN CAPE**CITY OF CAPE TOWN****BY-ELECTION IN WARD 101: 9 JANUARY 2019**

Notice is hereby given in terms of section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act 117 of 1998) that a by-election will be held in Ward 101 in the City of Cape Town on Wednesday, 9 January 2019, to fill the vacancy in this ward.

Notice is furthermore hereby given in terms of section 11(1)(b) of the Local Government: Municipal Electoral Act, 2000 (Act 27 of 2000), that the timetable for the by-election will soon be published in the *Provincial Gazette* of the Western Cape Province by the Independent Electoral Commission.

For enquiries, please contact Ms Catherine Overmeyer at tel 021 400 5522.

Signed on this 20th day of November 2018.

AW BREDELL, PROVINCIAL MINISTER OF LOCAL GOVERNMENT, ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND DEVELOPMENT PLANNING

PROVINSIALE KENNISGEWING

P.K. 147/2018

23 November 2018

PROVINSIE WES-KAAP**STAD KAAPSTAD****TUSSENVERKIESING IN WYK 101: 9 JANUARIE 2019**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998) dat 'n tussenverkiesing in Wyk 101 van die Stad Kaapstad gehou sal word op Woensdag, 9 Januarie 2019, om die vakature in hierdie wyk te vul.

Kennis geskied verder hiermee ingevolge artikel 11(1)(b) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingswet, 2000 (Wet 27 van 2000), dat die rooster vir die tussenverkiesing eersdaags deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie Wes-Kaap gepubliseer sal word.

Enige navrae kan gerig word aan Me Catherine Overmeyer by tel 021 400 5522.

Geteken op hierdie 20ste dag van November 2018.

AW BREDELL, PROVINSIALE MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING, OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING

ISAZISO SEPHONDO

I.S. 147/2018

23 kweyeNkanga 2018

IPHONDO LENTSHONA KOLONI**ISIXEKO SASEKAPA****NGOKUKHETHA KWIWADI 101: 9 EYOMQUNGU 2019**

Ngolu xwebhu kwaziswa, ngokweCandelo 25(4) loMthetho wooRhulumente beNgingqi: amaSebe ooMasipala, 1998 (uMthetho 117 wonyaka we-1998), ukuba kuza kubanjwa unyulo lovalo sikhewu kuWadi 101 kummandla we iSixeko saseKapa ngomhla wesbini, 9 EyoMqungu 2019, ukuvala isikhewu kule wadi.

Ngokunjalo, ngolu xwebhu kwaziswa, ngokwecandelo 11(1)(b) loMthetho wooRhulumente beeNgingqi: Unyulo looMasipala, 2000 (uMthetho 27 wonyaka wama-2000), ukuba uludwe lwamaxesha okubanjwa konyulo lovalo zikhewu luya kupapashwa kuqala yiKomishoni eZimeleyo yoNyulo kwiGazethi yePhondo leNtshona Koloni.

Nayiphina imibuzo ekhoyo ingabhekiswa Nks Catherine Overmeyer kwi-tel 021 400 5522.

Sityikitywe ngalo mhla-20 EyeNkanga 2018.

AW BREDELL, UMPHATHISWA WEPHONDO LOORHULUMENTE BOMMANDLA, IMICIMBI YENDALO NOCWANGCISO LOPHUHLISO

TENDERS

N.B. Tenders for commodities/services, the estimated value of which exceeds R20 000, are published in the Government Tender Bulletin, which is obtainable from the Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, on payment of a subscription.

TENDERS

L.W. Tenders vir kommoditeite/dienste waarvan die beraamde waarde meer as R20 000 beloop, word in die Staatstenderbulletin gepubliseer wat by die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, teen betaling van 'n intekengeld verkrygbaar is.

NOTICES BY LOCAL AUTHORITIES**SALDANHA BAY MUNICIPALITY****REMOVAL OF RESTRICTION**

Notice is hereby given in terms of Section 33 (7) of the Saldanha Bay Municipal Land Use Planning By-Law that restrictive conditions B; C; D.2.3; E; F; G; H & I contained in Deed No. T50205/2014, applicable to Portion 67 of the Farm Eenzaamheid No. 135, has been lifted under Section 33(1).

KENNISGEWINGS DEUR PLAASLIKE OWERHEDE**SALDANHABAAI MUNISIPALITEIT****OPHEFFING VAN BEPERKING**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 33(7) van die Saldanha-baai Munisipale Grondgebruikbeplanningsverordening, dat beperkende titelvoorwaardes B; C; D.2.3; E; F; G; H & I soos vervat in Transportakte Nr T50205/2014, van toepassing op Gedeelte 67 van die Plaas Eenzaamheid Nr. 135, opgehef is ingevolge Artikel 33(1).

Clause/Klousule:	
B-	ONDERHEWIG VERDER aan die voorwaarde vervat in Transportakte Nr. T61223/1991 opgelê deur die Beherende gesag kragtens Artikel 11(6) van Wet 21/1940. "Die 95m boulyn, soos neergelê deur Wet 21 van 1940 sal geld" Bl.2
C-	ONDERHEWIG VERDER, soos vervat in Sertifikaat van Geregistreerde Titel Nr. T7768/2009 aan die volgende voorwaarde nuut opgelê deur en ten gunste van die Munisipaliteit Saldanha-baai ten tyde van die goedkeuring ingevolge Ordonnansie 15 van 1985 van die onderverdeling van Gedeelte 35 van die Plaas Eenzaamheid Nr. 135, geleë soos hierbo: "Die eiendom mag alleenlik gebruik word vir bona fide kleinhoewedoeleindes soos gestipuleer in die Saldanha-baai Munisipaliteit Skemaregulasies" Bl.2
D-	ONDERHEWIG VERDER, soos vervat in Sertifikaat van Geregistreerde Titel Nr. T7768/2009 aan die volgende voorwaardes nuut opgelê deur die Departement Vervoer en Publieke Werke, Provinsie Wes-Kaap synde di Beherende Gesag kragtens Wet 21 van 1940 en Ordonnansie 19 van 1976, ten tyde van die goedkeuring ingevolge Artikel 11 van Wet 21 van 1940 van die onderverdeling van Gedeelte 35 van die Plaas Eenzaamheid Nr. 135, geleë soos hierbo: 2. In terms of Section 17 of Ordinance 19 of 1976, the statutory 5m building line is applicable along Trunk Road 21/2. Bl.3 3. No direct access to any of the properties created by the proposed subdivision will be allowed off Trunk Road 21/2. Bl.3
E-	ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees:— "KRAFTENS Transportakte Nr T7769/09 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut reg van weg, 10 (tien) meter wyd, ten gunste van Gedeelte 65 (gedeelte van Gedeelte 35) van die Plaas Eenzaamheid Nr. 135, geleë soos hierbo, gehou kragtens bpgemelde Transportakte.
F-	ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees:— "KRAFTENS Transportakte Nr T7770/09 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut reg van weg, 10 (tien) meter wyd, ten gunste van Gedeelte 70 (gedeelte van Gedeelte 35) van die Plaas Eenzaamheid Nr 135, geleë soos hierbo, gehou kragtens bogemelde Transportkate." Bl.4
G-	ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees:— "Onderhewig verder aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees: KRAFTENS Transportakte Nr T7771/09 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut reg van weg, 10 (tien) meter wyd, ten gunste van Gedeelte 71 (gedeelte van Gedeelte 25) van die Plaas Eenzaamheid Nr 135, geleë soos hierbo, gehou kragtens bogemelde Transportakte. Bl.4
H-	ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees:— "KRAFTENS Transportakte Nr T7772/09 is die binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut reg van weg, 10 (tien) meter wyd, ten gunste van Gedeelte 72 (gedeelte van Gedeelte 35) van die Plaas Eenzaamheid Nr 135, geleë soos hierbo, gehou kragtens bogenoemde Transportakte, welke serwituutgebied uitgebeeld word deur die figuur s2, s3, A14, A13, A12 op Algemene plan Nr 6879/2006. Bl.4
I-	ONDERHEWIG VERDER aan die endossement op Sertifikaat van Geregistreerde T7768/09 welke as volg lees:—Paras 1 & 2 KRAFTENS Transportakte Nr T22798/09 is die binnevermelde eiendomme, geregtig op 'n reg van weg 10 meter wyd, oor Gedeelte 68 (gedeelte van gedeelte 35) van die plaas Eenzaamheid Nr. 135. Afdeling Malmesbury, groot 2,0050 hektaar gehou kragtens bovermelde transportakte welke reg van weg aangedui word deur die figuur s3, s4, s5, s6, s7, B, A4, s10, A14 op algemene plan Nr. 6879/2006. Bl.4

MOSEL BAY MUNICIPALITY

**PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF
SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND
LODGING OF OBJECTIONS**

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with Section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act 6 of 2004), hereinafter referred to as the "Act" that the Supplementary Valuation roll for the 2018/2019 financial years is open for public inspection 4th Floor, Valuation Division, Montagu Place Building, Montagu Street, Mossel Bay from 1 December until 31 December 2018.

An invitation is hereby extended in terms of Section 49(1)(a)(ii) read together with Section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the municipal manager in respect of any matter reflected in, or omitted from the supplementary valuation roll within the above-mentioned period.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such.

The official form for the lodging of an objection is obtainable at the following address: 4th Floor, Valuation Division, Montagu Place Building, Montagu Street, Mossel Bay or website www.mosselbay.gov.za

The completed forms must be returned to the following address: Mossel Bay Municipality, Valuation Division, PO Box 25 or Private Bag X29, Mossel Bay 6500. Objections can also be lodged electronically at admin@mosselbay.gov.za. The closing date for the lodging of objections is **Monday, 31 December 2018**.

The Valuation Roll is also available on the municipal website www.mosselbay.gov.za.

For enquiries, please contact Ms. A Geduld at 044 606 5122/ Mr. G Fourie at 044 606 5072 or e-mail gfourie@mosselbay.gov.za.

ADV THYS GILIOME, MUNICIPAL MANAGER

23 November 2018

57443

HESSEQUA MUNICIPALITY

**REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE CONDITION:
ERF 93, GOURITSMOND**

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 33 that Hessequa Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015, that the Municipality has, as a result of the application, submitted by A Boshoff, removed a condition as contained in Title Deed No. T28587/2010, in respect of Erf 93 Gouritsmond in the following manner: That the application for the Removal of Restrictive Title Conditions B. 2, 3, 4 & 6 of Title Deed T28587/2010, in terms of Section 15(2)(f) of the Hessequa Municipality: Land Use Planning By-Law, 2015, applicable to Erf 93, Gouritsmond, be removed, namely

Removal of the following restrictive title condition:

"B.2. It may not be subdivided or transported without the written consent of the Minister of Lands or any person or body authorized by him for this purpose.

3. Only one building intended for use as a family home, together with such outbuildings as usual may be erected on the premises.

4. No building with the exception of boundaries and walls may be erected within 4.72 metres of any street forming a boundary of the erf and no such building may be erected within 1.57 metres from the boundary line of any other boundary boundary.

6. No more than half of the erf may be built."

J JACOBS, MUNICIPAL MANAGER,
HESSEQUA MUNICIPALITY, PO Box 29, RIVERSDALE, 6670

23 November 2018

57445

MOSELBAAI MUNISIPALITEIT

**PUBLIEKE KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN
DIE AANVULLENDE WAARDASIELYS EN
INDIEN VAN BESWARE**

Kennis word hiermee gegee in terme van Artikel 49(1)(a)(i) saamgelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting Wet, 2004 (Wet. 6 van 2004), hierin verwys na as die "Wet", dat die Aanvullende Waardasielys vir die boekjare 2018/2019 ter insae lê vir publieke inspeksie by: Mosselbaai Munisipale kantoor, 4de Vloer, Waardasie Afdeling, Montagu Plek Gebou, Montagustraat, Mosselbaai, vanaf 1 Desember tot 31 Desember 2018.

'n Uitnodiging word hierby gerig, in terme van Artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78(2) in die Wet, dat enige eienaar van eiendom of enige ander persoon wat dit nodig ag, 'n beswaar by die munisipale bestuurder kan indien vir enige aangeleentheid vervat of weggelaat in die waardasierol binne bogenoemde tydperk.

U aandag word spesifiek daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet 'n beswaar teen 'n spesifieke individuele eiendom ingedien moet word, en nie teen die waardasierol in sy geheel nie.

Die amptelike vorm om 'n beswaar in te dien is beskikbaar by die volgende adres: 4de Vloer, Waardasie Afdeling, Montagu Plek Gebou, Montagustraat, Mosselbaai of vanaf die webtuiste www.mosselbay.gov.za.

Die voltooiende vorms moet teruggestuur word aan die volgende adres: Mosselbaai Munisipaliteit, Waardasie Afdeling, Posbus 25 of Privaatsak X29, Mosselbaai, 6500. Besware kan ook elektronies ingedien word by admin@mosselbay.gov.za. Die sluitingsdatum vir die indiening van enige beswaar is **Maandag, 31 Desember 2018**.

Die waardasierol is ook beskikbaar op die munisipale webblad www.mosselbay.gov.za.

Navrae kan telefonies gerig word by Me. A Geduld 044 606 5122 of Mnr G Fourie 044 606 5072 of per e-pos aan gfourie@mosselbay.gov.za.

ADV THYS GILIOME, MUNISIPALE BESTUURDER

23 November 2018

57443

HESSEQUA MUNISIPALITEIT

**OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELVOORWAARDE:
ERF 93, GOURITSMOND**

Kennis geskied hiermee ingevolge die Vereistes van Artikel 33 dat Hessequa Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruiksbeplanning, 2015 dat die Munisipaliteit na aanleiding van die aansoek deur A Boshoff op die volgende wyse 'n voorwaarde opgehef het, soos vervat in Titelakte Nr T28587/2010, ten opsigte van Erf 93 Gouritsmond: Dat die aansoek vir die Opheffing van beperkende Titel voorwaardes B. 2, 3, 4 & 6 van Titelakte T28587/2010, ingevolge Artikel 15(2)(f) van die Hessequa Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruiksbeplanning, 2015, van toepassing op Erf 93, Gouritsmond, ophef word, naamlik:

Skrapping van die volgende beperkende titelvoorwaarde:

"B.2. Die mag nie onderverdeel of getranspoteer word sonder die skriftelike toestemming van die Minister van Lande of enige persoon of liggaam deur hom daartoe gemagtig vir hierdie doel.

3. Net een gebou bedoel vir gebruik as 'n woning vir een familie, tesame met sodanige buitegeboue as gebruiklik daarby nodig mag op die perseel opgerig word.

4. Geen gebou met die uitsondering van grensheidnings en mure mag binne 4.72 meters vanaf enige straat wat 'n grens van die erf vorm opgerig word nie en geen sodanige gebou mag binne 1.57 meter vanaf die grenslyn van enige ander erf wat daaraan grens opgerig word nie.

6. Nie meer dan die helfte van die erf mag op gebou word nie."

J JACOBS, MUNISIPALE BESTUURDER,
HESSEQUA MUNISIPALITEIT, Posbus 29, RIVERSDAL, 6670

23 November 2018

57445

CITY OF CAPE TOWN
MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by Jennings Goulee Thomson Inc amended a condition as contained in Title Deed No. T8648/1914 and T66666/2006, in respect of Erf 188, Green Point, in the following manner:

To permit the amendment of the restrictive title deed condition 2 in Schedule A in deed (T8648/1914) (underlining indicates new wording, and strikethrough indicates wording to be deleted):

2. Only one dwelling house having ~~no floor above the ground floor~~ no part of the building nor roof structure exceeding a height of 78,900 metres above mean sea level and the uppermost level not to be closer to Ocean View Drive than 12 metres, to be built on this erf, excepting Lots 97 to 111 inclusive, 17 to 24 inclusive and 31 to 32.

23 November 2018

57444

CITY OF CAPE TOWN
MUNICIPAL PLANNING BY-LAW, 2015

Notice is hereby given in terms of the requirements of Section 48(5)(a) of the City of Cape Town Municipal Planning By-Law, 2015 that the City has on application by D & S Planning Studio, removed conditions as contained in Title Deed No. T29851/2008, in respect of Erf 1727, Fresnaye, in the following manner:

- 1.1 Deletion of the following restrictive conditions from deed of transfer T29851/08:

- **Condition 1.B.(c)** save in cases where a building line has already been laid down by the Town Council no building shall be erected within distance of fifteen (15) feet from the street or streets bounding the land sold, but the intervening space may be used for gardens, forecourts or the like purposes.
- **Condition 2.B.(c)** save in cases where a building line has already been laid down by the Town Council no building shall be erected within distance of four comma seventy two (4,72) square metres form the street or streets bounding the land sold, but the intervening space may be used for gardens, forecourts or the like purposes.

- 1.2 Deletion of the following restrictive conditions imposed in terms of Ordinance 33 of 1934:

- **Condition 1.B.(c)** save in cases where a building line has already been laid down by the Town Council no building shall be erected within distance of fifteen (15) feet from the street or streets bounding the land sold, but the intervening space may be used for gardens, forecourts or the like purposes."
- **Condition 2.B.(c)** save in cases where a building line has already been laid down by the Town Council no building shall be erected within distance of four comma seventy two (4,72) square metres form the street or streets bounding the land sold, but the intervening space may be used for gardens, forecourts or the like purposes."

23 November 2018

57448

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Kennis geskied hiermee ingevolge die vereistes van Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening op Munisipale Beplanning, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur Jennings Goulee Thomson Inc 'n voorwaarde soos vervat in Titelakte Nr T8648/1914 en T66666/2006, ten opsigte van Erf 188, Groenpunt, soos volg gewysig het:

Om die wysiging van beperkende titelaktevoorwaarde 2 in bylae A in akte T8648/1914 toe te laat (onderstreping toon ingevoegde bewoording aan, en deurling toon bewoording wat geskrap word aan):

2. Slegs een woning met ~~geen verdieping bo die grondverdieping nie~~ geen gedeelte van die gebou of dakstruktuur wat 'n hoogte van 78,900 meter bo die gemiddelde seevlak oorskry nie en met die heel boonste vlak nie nader as 12 meter aan Ocean View-rylaan nie, mag op hierdie erf gebou word, behalwe Erwe 97 tot en met 111, 17 tot en met 24, en 31 tot 32.

23 November 2018

57444

STAD KAAPSTAD

VERORDENING OP MUNISIPALE BEPLANNING, 2015

Kennis geskied die hiermee ingevolge die vereistes van Artikel 48(5)(a) van die Stad Kaapstad: Verordening, 2015 dat die Stad na aanleiding van 'n aansoek deur D & S Planning Studio, die voorwaardes soos vervat in Titelakte Nr T29851/2008, ten opsigte van Erf 1727, Fresnaye, soos volg opgehef het:

- 1.1 Skrapping van die volgende beperkende voorwaardes van titelakte T29851/08:

- **Voorwaarde 1.B.(c)** "buiten in gevalle waar 'n boulyn reeds deur die stadsraad neergelê is, mag geen gebou binne 'n afstand van vyftien (15) voet vanaf die straat of strate wat die verkoopte grond omgrens, opgerig word nie, maar die tussenruimte kan vir tuine, voorhowe of soortgelyke doeleindes gebruik word."
- **Voorwaarde 2.B.(c)** "buiten in gevalle waar 'n boulyn reeds deur die stadsraad neergelê is, mag geen gebou binne 'n afstand van vier komma sewentig twee (4,72) vierkante meter vanaf die straat of strate wat die verkoopte grond omgrens, opgerig word nie, maar die tussenruimte kan vir tuine, voorhowe of soortgelyke doeleindes gebruik word."

- 1.2 Skrapping van die volgende beperkende voorwaardes opgelê ingevolge Ordonnansie 33 van 1934:

- **Voorwaarde 1.B.(c)** "buiten in gevalle waar 'n boulyn reeds deur die stadsraad neergelê is, mag geen gebou binne 'n afstand van vyftien (15) voet vanaf die straat of strate wat die verkoopte grond omgrens, opgerig word nie, maar die tussenruimte kan vir tuine, voorhowe of soortgelyke doeleindes gebruik word."
- **Voorwaarde 2.B.(c)** "buiten in gevalle waar 'n boulyn reeds deur die stadsraad neergelê is, mag geen gebou binne 'n afstand van vier komma sewe twee (4,72) vierkante meter vanaf die straat of strate wat die verkoopte grond omgrens, opgerig word nie, maar die tussenruimte kan vir tuine, voorhowe of soortgelyke doeleindes gebruik word."

23 November 2018

57448

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY

NOTICE

Notice is herewith given in terms of Section 29(2) of the Western Cape Land Use Planning Act, 2014 (Act No. 3 of 2014), of the approval of the Drakenstein Municipality zoning map, which forms part of the Drakenstein Municipality Zoning Scheme By-Law, 2018.

23 November 2018

57449

OVERSTRAND MUNICIPALITY

ERF 936, 4 GRYSBOK CRESCENT, SANDBAAL, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS AND SUBDIVISION: WRAP ON BEHALF OF J BIERMAN

Notice is hereby given in terms of Sections 47 and 48 of the Overstrand Municipality By-Law on Municipal Land Use Planning, 2015 (By-Law) that the following applications, applicable to the above property, have been received:

- Application in terms of Section 162(f) of the By-Law for the removal of restrictive title deed conditions C.(a), (b), (c) and (d) as contained in Title Deed No.T17336/2018 in order to subdivide the property, as well as to be in line with the primary rights and development rules as contained in the Overstrand Zoning Scheme; and
- Application in terms of Section 16(2)(d) of the By-Law for the subdivision of the property into two portions, namely Portion A $\pm 591\text{m}^2$ in extent and a Remainder $\pm 592\text{m}^2$ in extent.

Detail regarding the proposal is available for inspection during weekdays between 08:00 and 16:30 at the Department: Town Planning at 16 Paterson Street, Hermanus. Any written comments must be submitted in accordance with the provisions of Sections 51 and 52 of the By-Law and reach the Municipality (16 Paterson Street, Hermanus/(f) 028 313 2093/(e) loretta@overstrand.gov.za) on or before **Friday, 18 January 2019**, quoting your name, address and contact details, interest in the application and reasons for comment. Telephonic enquiries can be made to the **Town Planner, Mr. H Boshoff** at 028 313 8900. The Municipality may refuse to accept comment received after the closing date. Any person who cannot read or write may visit the Town Planning Department where a municipal official will assist them in order to formalize their comment.

Municipal Notice No. 151/2018

MUNICIPAL MANAGER, OVERSTRAND MUNICIPALITY, PO Box 20, HERMANUS, 7200

23 November 2018

57446

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT

ERF 936, GRYSBOKSINGEL 4, SANDBAAL, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTEVOORWAARDES EN ONDERVERDELING: WRAP NAMENS J BIERMAN

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikels 47 en 48 van die Overstrand Munisipaliteit Verordening vir Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2015 (Verordening) dat die volgende aansoeke, van toepassing op bogenoemde eiendom, ontvang is:

- Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(f) van die Verordening vir die opheffing van beperkende titelaktevoorwaardes C.(a), (b), (c) en (d) soos vervat in Titelakte Nr T17336/2018 ten einde die eiendom te onderverdeel, asook in lyn te wees met die primêre regte en ontwikkelingsreëls soos vervat in die Overstrand Soneringskema; en
- Aansoek ingevolge Artikel 16(2)(d) van die Verordening vir die onderverdeling van die eiendom in twee gedeeltes, naamlik Gedeelte A $\pm 591\text{m}^2$ groot en n Restant $\pm 592\text{m}^2$ groot.

Besonderhede aangaande die voorstel lê ter insae gedurende weksdae tussen 08:00 and 16:30 by die Departement: Stadsbeplanning te Patersonstraat 16, Hermanus. Enige skriftelike kommentaar moet ingedien word in ooreenstemming met die bepalings van Artikels 51 en 52 van die Verordening en die Munisipaliteit (Patersonstraat 16, Hermanus/(f) 028 313 2093/(e) loretta@overstrand.gov.za) bereik voor of op **Vrydag, 18 Januarie 2019**, met u naam, adres en kontak besonderhede, belang in die aansoek en die redes vir kommentaar. Telefoniese navrae kan gerig word aan die **Stadsbeplanner, Mnr. H Boshoff** by 028 313 8900. Die Munisipaliteit mag weier om kommentare te aanvaar na die sluitingsdatum. Enige persoon wat nie kan lees of skryf nie kan die Departement Stadsbeplanning besoek waar hul deur 'n munisipale amptenaar bygestaan sal word ten einde hul kommentaar te formuleer.

Munisipale Kennisgewing Nr 151/2018

MUNISIPALE BESTUURDER, OVERSTRAND MUNISIPALITEIT, Posbus 20, HERMANUS, 7200

23 November 2018

57446

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

ISIZA 936, 4 GRYSBOK CRESCENT, SANDBAAL, INDAWO KAMASPALA WASEOVERSTRAND: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO KWI TITLE DEED KWAYE UKWAHLULA ISIZA: WRAP EGAMENI LIKA J BIERMAN

Esi saziso sikhutshwa ngokwemiqathango yeSoloty 47 no 48 loMthethwana kaMasipala waseOverstrand woYilo lokuSetyenziswa koMhlaba wowama-2015 ngokwezicelo esimayelana lepropati esifunyenweyo:

